# REDAKSIONEEL

Hierdie laaste nommer van 1987 word uitsluitend gewy aan die onderwerp Bevrydingsteologie, of, soos sommige dit noem, Derde Wêreld-teologie. Aangesien Suid-Afrika in baie opsigte 'n Derde Wêreld-land is, en ook omdat Bevrydingsteologie tans in verskeie teologiese kringe in Suid-Afrika 'n onderwerp van bespreking is, is dit toepaslik om noukeuriger aandag te gee aan hierdie redelik nuwe ontwikkeling op die gebied van die teologie.

In die eerste artikel bied prof D J Smit 'n kundige ontleding van literatuur oor Christologie in die Derde Wêreld. Die tweede artikel, deur dr W Kistner, word om twee redes ingesluit. Eerstens dui dit baie gepas aan wat Bevrydingsteoloë bedoel wanneer hulle sê dat hulle 'teologie doen.' Tweedens lig dit een van prof Smit se gevolgtrekkings toe, naamlik dat Bevrydingsteologie in werklikheid gestalte kry in 'n integrale spiritualiteit.

Ons hoop dat hierdie uitgawe van **Scriptura** werklik sal bydra tot 'n verantwoordelike debat oor die betrokke sake.

Johann Kinghorn.
Waarnemende redakteur

## FROM THE EDITOR

This, the final issue of 1987, is devoted exclusively to the topic of Liberation - or, as some prefer to call it, Third World - Theology. As South Africa is in many respects a Third World country, and as Liberation Theology is at present very much a topic of discussion in various theological circles in South Africa, it is appropriate to pay closer attention to this relatively new development in the theological world.

In the first article Prof D J Smit presents a scholarly analysis of literature concerning Christology in the Third World. The second article, by Dr W Kistner, is included for two reasons. Firstly, it demonstrates very aptly what Liberation Theologianss mean when they claim to be 'doing theology'. Secondly, it illustrates one of Prof Smit's conclusions, i e that Liberation Theology is in fact 'fleshed out' in terms of an integral spirituality.

We hope that this edition of **Scriptura** will indeed serve to further a responsible debate on the issues involved.

Johann Kinghorn.
Acting Editor.